

# SAWA Noord-Boland

# Kampnuus (Koningskop)

**Jaargang 44, Kampnuus 4**
**Mei 2026**



## Bestuur – 2025/26

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter | Marius van der Mescht | 083 651 8547 | alma.marius@gmail.com |
| Ondervoorsitter | Johan Zaayman | 084 682 8934 | stuworcester@gmail.com |
| Sekretaresse | Elzané Kellerman-Schietekat | 082 078 1558 | elzanekellerman@gmail.com |
| Penningmeester | Louise de Wet | 084 941 1993 | finance@norsa.org |
| Skakelbeampte | Marina Swart | 060 989 2458 | marinaswrt@gmail.com |
| Addisionele Lid | Estie Viljoen | 082 415 5052 | |
| Addisionele Lid | Filipe Valverde | 082 569 4881 | valverde.filipe@gmail.com |

**Inhoud** : Inleiding / Kampnuus / Kampprogram

# ***Inleiding***

**Goeiedag almal,**

**Hiermee ons Mei Kampnuus.**

**Dit volg op ons en Helderberg se Koningskop saamtrek die naweek van Mei 22-24; gereël deur Streek Noord-Boland. Die oord is naby Citrusdal, heerlik tussen die Olifantsrivier berge. Die uwe kon nie die saamtrek bywoon nie, maar Madelein Coetzer het vir ons 'n mooi beskrywing van die naweek voorberei 🙏🏻**

**Ons was 8 Noord-Boland lede plus 1 gas. Peet en Marjorie het Helderberg die naweek verteenwoordig. 12 Sawanante het die naweek saam geniet. Sien fotos onder om aan die naweek atmospheer saam te deel.**

**Terwyl ons gesels: Baie dankie aan Elzané Kellerman-Schietekat vir ons professioneel en nuut ontwerpte Noord-Boland embleem (sien voorblad bo). Soos per ons peiling behoort dit een van die dae op ons Wimpel pronk.**

**Sien mekaar weer by *Kleine Pradys* (Piketberg omgewing)** ***12/16 Junie'26***

***Filipe***



# Kampnuus - Koningskop

n Heerlike naweek op Koningskop met almal wat veilig arriveer by die lieflike Koningskop in die ligte misreëntjie.  Na Marius se verwelkoming is die nuwe lede (Herbert en Roné) verwelkom. Die vure is aangesteek en is ons gereed vir 'n lekker aand van kuier.  Ons is dankbaar vir ons brandweermanne wat so gretig was om ons te red, dat hulle met brandblussers aangehardloop gekom het om ons lekker kuiervuur uit te sit.  Die brandweerwaens se sirens het so bietjie verroes (of dalk ver-hoes) geklink, en Marina sal beslis daardie brandblussers moet uittoets, want hulle het net snaakse geluide gemaak en niks verder vermag nie.  Teen die einde van die aand is meeste van die wêreld se probleme opgelos en wêreldvrede ook bewerkstellig oor 'n glasie rooiwyn.





***Saterdag*** het bietjie mistig begin (die natuur en van die mense ook), maar op die einde op 'n pragtige dag uitgedraai.  Almal het hul eie ding gedoen, van staps op Koningskop, wynproe by Die Tol, tot 'n uitstappie na Elandsfontein.  Marius se vleis-van-regoor-die-land-pot was 'n treffer. Ons was so dankbaar om te kon eet, want Herbert en Barnie het Marius 'n goeie les geleer dat jy nie jou pos, en jou pot, verlaat nie, al moet jy kamer verlaat, want jy mag dalk dink net die potdeksel se hout-dingetjie is afgesteel, net om agter te kom jou hele pot het verdwyn en jy bly oor met 'n leë pot!  In die pasta kategorie het Peet loshande gewen en sien beide potmakers uit na hul Ford Rangers as pryse te ontvang wat deur Die Poskantoor afgelewer gaan word.

***Sondag***-oggend was rustig soos net die natuur op 'n Sondag kan wees.  Na Boekevat het ons lekker koffie gedrink en kon ons uiteindelik die Hertzoggies proe wat Jessika en Ronel ons heel naweek mee lus gemaak het.  Na rustige oppak is ons huis toe en is almal veilig bewaar tot by die huis.

***Madelein***


ROOI STOOR




3

# NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

| MAAND | DATUM | STREEK WAT AANBIED | KAMP TERREIN |
|---|---|---|---|
| *Jan* | 16 tot 18 | Helderberg | LEENTJIESKLIP, Langebaan |
| *Feb* | 13 tot 15 | Noord-Boland | WOLVENBERG, Rawsonville (TENTE KAMP) |
| *Feb* | 20 tot 22 | Suidwes-Kaap | SKIMKAMP |
| *Mrt* | 13 tot 15 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (GEBIEDSKAMP/MUSIEKFEES) |
| *Apr* | 24 tot 26 | Helderberg | ALTYD WATER (Draai af by Du Toitskloof Wynkelder) |
| *Mei* | 22 tot 24 | Noord-Boland | KONINGSKOP, WILGERSBOSDRIF PLAAS (18Ks VANAF PIEKENIERSKLOOF) |
| *Jun* | 12 tot 16 | Noord-Boland | KLEINE PARADYS, naby Piketberg |
| *Jul* | **Geen kamp** | | |
| *Aug* | 28 tot 30 | Albatros | ATKV GOUDINI, Rawsonville (GESAMENTLIKE AJV's) |
| *Sep* | 11 tot 13 | Helderberg | ONRUS WOONWAPARK, Onrusrivier |
| *Okt* | 09 tot 16 | Helderberg/Noord-Boland | APPELKOSIE, Montagu |
| *Nov* | 20 tot 22 | Noord-Boland | KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP) |
| *Des* | **Geen kamp** | | |

